## *Week 4: Saam met ander (Erediensbywoning)*

***28 April – 4 Mei***

1. Mens tot mens: In hierdie week tel ons basaarreëlings spoed op. Wat is vir julle altyd die beste van die gemeente se basaar? Gesels sommer oor die gemeente se aksies rondom fondsinsameling en hoe dit die dorp of gemeenskap raak. Behoort gemeentes sulke fondsinsamelings te hou? Hoe kan julle as groep, betrokke wees by vanjaar se basaar?

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   ______________________________________________

2. Mens tot God. Bid dat die Here die gemeente sal seën in die basaartyd. Bid sodat die begroting gehaal kan word, maar nog meer. Bid dat sy Naam geëer sal word in ons poging om fondse in te samel. Dat dit baie meer oor Hóm sal gaan as wat dit oor die geld sal wees. Loof die Here vir sy sorg aan Vier Ankers en dat dit finansieël met ons goed gaan.

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   Lees **Ps 34:2 – 4** hardop as lof aan die Here:

   Ek sal die Here altyd weer prys,
   sy lof sal altyd op my lippe wees.
   Ek sal die roem van die Here sing;
   dié wat swaar kry, sal dit hoor en daaroor bly wees.
   Sing saam met my oor die grootheid van die Here
   en laat ons saam sy Naam prys.

3. God tot mens: Bid nou dat die Here die Woord sal oopmaak en dat Hy helder met elkeen sal praat, nie net deur die Skrif nie, maar ook deur die mense rondom ons wat saam luister na sy stem.

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   ______________________________________________

4. Lees Ps 84:1 – 13. Hoe gemaklik is jy om aktief deel te neem in ’n groep van mense? Hoe maklik is dit om saam met ander te deel in die aanbidding van God? Hoe ervaar jy 4 Ankers se ontmoeting met die Here tydens Sondae se eredienste?

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   ______________________________________________

5.1 Wat dink jy was die gemoedstoestand van die digter of dalk die agtergrond van hierdie lied?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

5.2 Watter vers van hierdie lied raak jou aan die hart, en hoekom dink jy is dié vers juis vir jou spesiaal?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

5.3 Wat behoort ons stemming en verwagting te wees as ons Sondag na die erediens toe gaan? Hoe kan ek myself beter voorberei as ek op pad is na die erediens?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

5.4 Wat beteken dit vir ons verhouding met die Here om met dissipline die eredienste by te woon en nie sommer vir geen rede weg te bly nie?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

6.1 vir die gemeente? Watter aspekte van ons gemeente se ontmoeting met die Here sal ons graag aan die Here wil opdra? Bid vir groei, verdieping en vreugde.

______________________________________________

______________________________________________

6.2 vir die wêreld/gemeenskap? ______________________________

______________________________________________

6.3 vir mekaar? ______________________________________

______________________________________________

7. Wat gaan ons nou doen? Op watter maniere kan ons as groep of indiwidue bydra tot ons gemeente se lof en aanbidding tydens die eredienste?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________